

ii. Die voorsiening van 'n „Militair Tehuis“ deur die Christelĳk Gereformeerde Gemeente te 's-Hertogenbosch

Die Christelĳk Gereformeerde Gemeente te 's-Hertogenbosch was een van die weinige, indien nie die enigste gemeente van dié Kerk, wat in sy ontwerp vir 'n nuwe kerkgebou voorsiening vir 'n militêre tehuis gemaak het, ofskoon dit bekend is dat daar ook te Kampen 'n militêre tehuis onder die beheer van die plaaslike Christelĳk Gereformeerde Gemeente was.

Die oprigting van 'n nuwe kerkgebou, konsistorie, kosterswoning en pastorie vir die Christelĳk Gereformeerde Gemeente te 's-Hertogenbosch in 1886 was, naas die verkryging van dié noodsaaklike gemeentelike geboue, ook bedoel om beter voorsiening vir 'n „Militair Tehuis“ op 's-Hertogenbosch te maak.

Die eerste militêre tehuis het in die tweede helfte van die negentiende eeu in Nederland ontstaan na aanleiding van die behoefte by dienspligtiges aan „een vriendelĳk gezellig Tehuis, dat avond aan avond zĳn deuren voor onze militairen ontsloot en waar zĳ een heerlike vergoeding vonden voor het gemis aan hun ouderlik huis“.

Voor 1874 - die stigtingsjaar van die Nederlandschen Militairen Bond - toe daar nog geen militêre tehuse in Nederland tot stand gekom het nie, het die soldate en dienspligtiges wat belydende Christene was 'n ernstige behoefte gehad „om in een kring van geloovigen af en toe eens te kunnen uitrusten van het leven in het kazerne.“ Die burgers wou die soldate egter nie in hul huislike kringe toelaat nie en daar was 'n tyd toe daar feitlik niemand was wat hulle die lot van die soldate ter harte geneem het nie. Onder die destyds-heersende toestande was daar baie godvresende ouers en familieleden wat met kommer en sorg vervul was wanneer hul jeugdige bloedverwante die ouerlike woning tydelik vir die doeleindes van militêre opleiding verlaat het.

Langsamerhand, veral onder die nawerking van die Réveil, „werd het Christelĳk deel der natie zĳch er van

bewust, dat op dit terrein een reeds te lang verwaarloosd arbeidsveld voor hare werkzaamheden gelegen was." Die werk wat op 'n sporadiese wyse onder die militêre 'n aanvang geneem het, het mettertyd 'n meer permanente karakter gekry, het in die tweede helfte van die sestigerjare gelei tot die oprigting van militêre verenigings, wat gereeld in gehuurde lokale bymekaargekom het. Dié lokale het later tot tehuise vir die militêre ontwikkel en daaruit het die Nederlandschen Militairen Bond in die eerste helfte van die sestigerjare ontstaan met die doel om die sporadiese arbeid in die garnisoene te organiseer en te steun. Vanaf sy stigting op 28 Oktober 1874 in Utrecht, het die Bond hom in die eerste plek ten doel gestel om „de godsdienstige, zedelijke en verstandelijke behoeften van den militair te behartigen" deur die oprigting van militêre tehuise of verenigings in die verskillende garnisoensplekke, sowel as om die bestaande tehuise en verenigings te steun.

Nadat die eerste Algemene Vergadering van die Bond in Oktober 1876 besluit het om so spoedig moontlik takke van die Bond te stig op plekke waar daar op daardie tydstip groot garnisoene gevestig was, onder andere te 's-Hertogenbosch, het 'n „Tehuis voor Militairen" omstreeks 1880 op laasgenoemde plek tot stand gekom, onder leiding van en beheer deur die plaaslike Christelik Gereformeerde Gemeente. Dié militêre tehuis het egter vir een of ander onbekende rede nie by die „Bond van Militaire Vereenigingen" aangesluit nie en het sodoende sy selfstandigheid behou.

Predikante en kerkrade van die verskillende Nederlandse Protestantse kerke is deur die „Afdelingen" van die Bond aangespoor om die Bondsarbeid te steun. Hulle is gevra om die godsdienstige belange van die soldate en dienspligtiges op verskillende maniere te behartig, onder andere deur belangstelling in die tehuisarbeid te toon.⁶⁷

Aan die begin van 1884 het ds. J.S. van der Linden, predikant van die Christelik Gereformeerde Gemeente te

's-Hertogenbosch, dank betuig vir die bydraes wat vir die plaaslike „Militair Tehuis“ ontvang is. Op daardie stadium en ook vir die res van die tagtigerjare het 'n groot aantal jeugdige dienspligtiges die Christelik Gereformeerde militêre tehuis te 's-Hertogenbosch getrou besoek en daar veel baat gevind. Daar het die lotelinge hul aande op 'n genoeglike wyse deurgebring, „terwyl het bestuur in de welkome gele=genheid was, hen allen op iets oneindigs beters te wijzen dan op de ijdele en zondige genietingen der wereld“.

Die Bestuur van die militêre tehuis op 's-Hertogenbosch het kerkrade en ouers versoek om aan die plaaslike Christe=lijk Gereformeerde Kerkraad kennis te gee wanneer jongelinge uit hul gemeentes en ouerhuise na 's-Hertogenbosch vir hul militêre opleiding gestuur sou word en indien hulle hul seuns „gaarne onder onze toezicht zien gesteld“. Baie van die lotelinge wat na 's-Hertogenbosch gestuur is was af=komstig van die provinsies Groningen en Friesland. „Ver van hun ouderlijk huis zij ons Tehuis voor hen en voor velen de plaats die bij vele gemis, nochtans veel vergoedt“, het die Bestuur aan die ouers deur middel van 'n koerantbe=rig laat weet. „Onze concierge, een waren vriend van de jeugdige soldaten, doet al wat in zijn vermogen is, om de jongelui het aangenaam en gemakkelijk te maken. We weten dat menig jongeling tijdens zijn dienstijd hier, verheugd was avond na avond naar het Tehuis te kunnen gaan.“

Met die ontwerp van die nuwe kerkgebou deur Sytze Wierda in 1886 is spesiaal beplan vir die voorsiening van 'n militêre tehuis as 'n belangrike onderdeel van die kerkge=bou. Na die ingebruikneming van die kerkgebou **en** militêre tehuis kon die eertydse lokaal van die bestaande gemeentelike militêre tehuis te Wolvenhoek 428, vanaf die begin van 1887 deur dié één in die nuwe kerkgebou op „de vroegere Esplanade“ vervang word.⁶⁸

Met die voltooiing en ingebruikneming van die kerkge=bou met sy aangrensende wonings, konsistorie en militêre

tehuis, het Sytze Wierda sy gewaardeerde werk as ontwerper van kerkgeboue vir sy kerkgenootskap afgesluit. Van toe af tot met sy vertrek na Pretoria in September 1887, het hy geen verdere opdragte vir die ontwerp van nuwe kerkgeboue aanvaar nie. Of enige versoeke in hierdie verband tot hom gerig is, is nie bekend nie. Waar Klaas van Rijssen, sy assistent, in die negentigerjare gemoeid was by die ontwerp van drie kerkgeboue in Pretoria, het sy veeleisende en verantwoordelike werk as „Gouvernements Ingenieur en Architect“ van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Sytze Wierda waarskynlik verhinder om kerkgeboue in sy privaat tyd te ontwerp. Terwyl hy hom na die beëindiging van die Tweede Vryheidsoorlog as argitek in Johannesburg gaan vestig het, het hy in opdrag van 'n Witwatersrandse kerkraad van die Gereformeerde Kerk sy enigste kerkgebou in Suid-Afrika ontwerp.⁶⁹

8. SYTZE WIERDA AS ONTWERPER VAN KERKGEBOUE BINNE DIE RAAMWERK VAN SY TYD

Toe daar in die loop van die sewentiger- en tagtigerjare ook in die gemeentes van die Christelik Gereformeerde Kerk behoefte ontstaan het aan nuwe kerkgeboue ter vervanging van die eenvoudige, pretensielose en skuuragtige kerkgebou-tjies waarmee die gemeentes van dié kerk vanaf sy totstandkoming in die dertigerjare genoë moes neem - en wat as landelike boukuns getipeer kan word - was Sytze Wierda een van die weinige lidmate van dié kerk wat in daardie jare in aanmerking geneem is om met die ontwerp van nuwe kerk- en ander gemeentelike geboue vir die Christelik Gereformeerde Kerk vertrou te word.⁷⁰ Op 'n heel beskeie wyse het hyself in 1882 sy betrokkenheid en aandeel aan die ontwerp van 'n aantal kerkgeboue as volg beskrywe: „Inmiddels vond ik nog gelegenheid onze Chr. Ger. Gemeente hier en daar bij te staan, en van nut te zijn, waar het de bouw van kerken, scholen of pastoriën gold, daar zij minder gaarne van moderne architecten gediend wenscht te zijn en wanneer eigen krachten te kort schoten.“

Sy verwysing na „moderne architecten“, onder wie hy hom nie geskaar het nie, het blykbaar nie betrekking gehad op die opleiding en vorming van sy mede-argitekthe en hul sienswyse oor argitekthe, maar op argitekthe wat nie tot die Christeljk Gereformeerde Kerk behoort het nie en bygevolg nie afwysend gestaan het nie teenoor die destydse „modernisme“, 'n geestesstroming wat in die negentiende eeu veral in die Nederduitsch Hervormde Kerk en in Doopgesinde kringe tot openbaring gekom het. Die „modernisme“ het in Nederland na vore gekom as 'n reaksie op die nugter leerstel-
ligheid van die regsinniges maar ook eweseer as 'n reaksie op die rasionalisme van die agtiende eeu. Die modernisme was eintlik 'n voortsetting van die „Groninger richting“, wat omstreeks 1830 in die Nederduitsch Hervormde Kerk onder leiding van P. Hofstede de Groot en ander Groningse professore na vore gekom en die „Afscheiding“ van 1834 bevorder het. Lidmate van die Christeljk Gereformeerde Kerk het hulself beskou as diegene wat eerbiedig en afhanklik wou bly luister na die geopenbaarde Woord van God en afwysend gestaan het teenoor die leervryheid wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk voorgekom het. Die standpunt is gehuldig dat „het Modernisme voor een deel een radicalisering (is) van de Groninger richting, waartegen de Afgescheidenen zich hebben verzet. In Groninger werd de Godheid van Christus geloohend en de borgtochtelijke betekenis van Zijn lijden en sterven ontkend.... De Modernen richtten hun frontale aanval op de Bijbel: een bundel geschriften, menselijke geschriften uit verschillende tijden, van zéér ongelijke historische en religieuze waarde, die kritisch moesten worden gelezen. Vaak werd het Bijbelverhaal terstond onbetrouwbaar genoemd, als het streed met de resultaten der wetenschap.“ Die feit dat die „Modernen“ 'n oop gemoed vir Bybelkritiek gehad het, het aanstoot gegee en verset uitgelok. Aangesien die „Modernisme“ in bondgenootskap met die politieke liberalisme opgetree het en voorstanders van die openbare of staatskole was, het die Christelike skole geen genade in hul oë gevind nie.

Wanneer daar in gedagte gehou word dat Sytze Wierda 'n oortuigde en gesiene lidmaat van die Christelik Gereformeerde Kerk was, uit oortuiging ook 'n voorstander van die oprigting en onderhouding van Christelike skole was en daarbenewens ook een van die weinige lidmate van die Christelik Gereformeerde Kerk was wat in die begin van die laaste kwart van die negentiende eeu op grond van sy opleiding, vorming en ervaring as argitek, bekendheid as sodanig begin verwerf het, is dit dus nie vreemd nie dat die verskillende kerkrade van sy kerk en besture van die Christelike skole of „Scholen met de Bijbel” voorkeur aan een van hulle eie mense en geloofsgenote gegee het bo argitek wat aan ander kerke behoort het of kerkloos was, en wat as „moderne architecten” bekendgestaan het. Sytze Wierda se verwysing na „moderne architecten” het dus nie enige betrekking gehad op die beginsels wat sy mede-argitek op die gebied van die argitektuur, meer bepaald op die kerklike en gemeentelike argitektuur, voorgestaan het nie, maar dit het betrekking gehad op 'n geestestroming op die gebied van die kerklike en geloofslewe, waarvan sommige argitek, as meelewende lidmate, voorstanders of teenstanders was. Wanneer Sytze Wierda in sy brief uit die jaar 1882 die term „moderne architecten” gebruik, waarvan die kerkrade en skoolbesture uit die kring van die Christelik Gereformeerde Kerk hul gedistansieer en voorkeur aan Sytze Wierda gegee het, wat dus nie 'n „moderne argitek” was nie, vertel dit weinig of niks nie van die beginsels op die gebied van die argitektuur wat hy in daardie jare in sy werke toegepas het en waarvan hy 'n voorstander was.⁷¹

Aangesien Sytze Wierda by kerkrade en skoolbesture van die Christelik Gereformeerde Kerk as argitek persona grata was, is daar vanaf die begin van die sewentigerjare tot met sy emigrasie in 1887 op 'n lojale wyse aan hom voorkeur as argitek gegee en het hy opdragte gekry om agtereenvolgens kerkgeboue vir die gemeentes Zaandam, Tilburg, Hijum, Almkerk-Nieuwendijk, Baarn, Emlichheim en

's-Hertogenbosch te ontwerp en in daardie selfde jare ook pastorieë, onderwyserswonings en skoolgeboue in sommige van bogenoemde en in ander gemeentes, asook wonings en winkelgeboue vir lidmate van sy kerk.

In teenstelling met die feit dat die eenvoudige kerkgeboutjies van die Christelik Gereformeerde Kerk in die eerste vier of vyf dekades van sy bestaan, in die meeste gevalle onaansienlike bedehuse was wat ietwat verskuil, weg van die hoofverkeersweë en verwyder van die bedrywige kern van die dorpe en stede gestaan het, het die kerkgeboue wat deur Sytze Wierda ontwerp is en eers op Zaandam en daarna op ander plekke opgerig is, op prominente plekke in die gemeentes tot stand gekom. Dit was veral die geval in Zaandam, Hijum, Nieuwendijk en 's-Hertogenbosch.

Nie alleen het daar 'n verbetering ten opsigte van die sentrale ligging van die kerkgeboue ingetree nie, maar ook het die uitwendige kenmerke van die kerkgeboue die aandag van verbygangers getrek en die binnekant van die kerkgeboue gunstige kommentaar uitgelok. Van die kerkgebou in Stationstraat te Baarn is melding gemaak van „dit nuwe, so doelmatig als smaakvol kerkgebouw“, die „ruim en schoon kerkgebouw“, „dit schoone kerkgebouw“, die „zeer aanzienlijke gebouw“ en die „zoowel uit- en inwendig zierlijk kerkgebouw“, waarvan die vorm en inrigting sodanig was dat niemand daardeur van die eredienste hoof weg te bly nie. In Hijum het die kruiskerk met sy toring, geleë aan die hoofweg, ook die aandag getrek. Die netjiese en doelmatige kerkgebou van die Nieuwendijk-gemeente, wat as 'n „regthoekig gebouw“ beskrywe is, kon vanweë sy slanke toring en geleë op 'n hoë dyk, van veraf gesien word. Die Baarnse kerkgebou van die Christelik Gereformeerde Kerk, mooi geleë aan die Oude Utrechtseweg, waarvan die grondplan suiwer simmetries was en die idee van 'n oud-Griekse kruis, die sg. Andreas-kruis, weergegee het, het 'n hoë, slanke en bevallige toring reg bokant die hoofingang, met sy twee sierlike Korinthise suile, gehad. In die binnekant van die kerkgebou het

sierlike pylers die gewelf ondersteun, waardeur die kruisvorm duidelik sigbaar geword het. Die ronde en gekleurde rosetrame aan die hoë dwarsmure het ook die aandag getrek. In 's-Hertogenbosch het die netjiese en doelmatige inrigting van die kerkgebou met sy flinke kerkruimte en met sy vooraansig die aandag van verbygangers getrek en 'n mooi geheel met die omringende geboue gevorm waar dit aan 'n plein, te midde van 'n aantal deftige huise, 'n sentrale plek verower het. Deur sy prysvraagontwerp van 'n Rotterdamse Hervormde kerkgebou in 1867, wou die argitek in die hoofgewel waarheid, gepaard met eenvoudige deftigheid, uitdruk waartoe die groot koepel sy deel sou bydra. Elemente wat eie is aan die Neo-Renaissance-boustyl was in die meeste van sy kerkgeboue waarneembaar.

Uit die kerkgeboue wat hy ontwerp het, kom die figuur van Sytze Wierda na vore as iemand met onmiskembare talent, wat ook reeds by sy prysvraagontwerp vir 'n Rotterdamse Hervormde kerkgebou opgemerk kon word.

Die kerkgeboue wat Sytze Wierda vanaf 1867 tot 1887 ontwerp het, het deel uitgemaak en was in baie opsigte verteenwoordigend van protestantse kerkgeboue wat in daardie jare in Nederland tot stand gekom het. Die vraag waaraan aandag gegee moet word, is of hy met sy ontwerpe vir kerkgeboue vir die Christelik Gereformeerde Kerk daarin geslaag het om die karakter van die protestantse en gereformeerde erediens - met sy karakteristieke godsverering - tot uitdrukking in sy ontwerpe te bring.

In die eerste plek is protestantse kerkgeboue, kerkgeboue van die Woord. Die kerkgangers besoek kerkgeboue om Gods Woord te hoor, dit wil sê die lewende gesproke Woord. Aangesien die geloof uit die gehoor is, moet die Woord van God gehoor word, hetsy die Woord van God voorgelees of deur die prediker verkondig word of in die formuliere en liturgie 'n vaster vorm ontvang. Die kerkgeboue van die Gereformeerdes, waarby Sytze Wierda as argitek betrokke was, moet dus

preekkerkgeboue wees en dus sodanig ontwerp en ingerig word, dat kerkgangers daarin kan hoor wat verkondig word. Dit is 'n eis waaraan by die totstandkoming van 'n Gereformeerde kerkgebou voldoen moet word en om aan daardie eis te voldoen behoort die terrein vir die kerkgebou nie direk aan 'n besige straat of pad uitgekies te word nie om te verhoed dat die gedruis en geraas van die straat of pad tot in die afgesonderde en stil kerkruimte deurdring. 'n Goeie akoestiek is dus te verkies bo 'n fraai ligging van die kerkgebou langs 'n woelige verkeersweg. Ofskoon die Christelik Gereformeerde kerkgeboue in 'n aantal dorpe en stede uit hul afgesonderde en agteraf ligging na meer sentraal-geleë kerkterreine verskuiwe het, het hulle andersins, behalwe met die uitsondering van Zaandam, op kerkterreine tot stand gekom waar die stads- en dorpsgewoel tot 'n groot mate uit die kerkruimte uitgesluit sou word.

Aangesien die gelowige Gereformeerde lidmaat lewe uit die Woord van God, wat in die kerkgebou verkondig word en nie deur aanskouing nie, vind ons in die kerkgeboue wat deur Sytze Wierda ontwerp is - afgesien van die sierlike pilare wat in enkele van sy kruisvormkerkgeboue voorkom - geen fraaie suile of kunsvolle kapitele nie, geen gekleurde vensterruite nie - behalwe rosetrame in die hoë dwarsmure van die Baarnse kerkgebou - en ook nie 'n indrukwekkende kerkruimte nie, sodat sy kerkgeboue aan die belangrike vereiste dat die prediker gehoor en begryp moet word, in 'n groot mate voldoen het.

In sy kerkgeboue kon die predikers nie alleen goed gehoor word nie, maar ook gesien word. Deur hul stemme en stembuigings sowel as deur hul gelaat, gebare en houding, wat deur die gemeente in die kerkruimte gadeslaan kon word, is die indruk van hul woorde verhoog. Sodoende kon die gawe van welsprekendheid tot eer van God tot sy reg kom. Dit kan dus nie beweer word dat die kerkgeboue wat volgens die ontwerpe van Sytze Wierda gebou is, die gemeentelede van die genot en seën van die gawe van welsprekendheid

berooft het nie. Deurdat die gemeente die prediker kon hoor en sien, kon hulle deur hom geboei en vasgegryp word. Sy kerkruimte was sodanig dat die stem van die prediker nie verlore gegaan het nie.

Die kerkruimte van Wierda se kerkgeboue, waarin die prediker gehoor en gesien kon word, was van so 'n omvang en inrigting dat die gemeente vanuit hul sitplekke alles kon gadeslaan wat in die liturgiese ruimte by gelcentheid van die bediening van die sakramente, by die bevestiging van predikante en kerkraadslede, by die aflegging van geloofs=belydenis en by ander geleenthede, plaasgevind het.

Hiermee het 'n ander vereiste saamgehang, naamlik dat 'n Gereformeerde kerkgebou oor voldoende natuurlike lig moet beskik sodat bybels en psalmboeke tydens die erediens gebruik kan word. Wanneer die son aan die hemel gestaan het, moet die natuurlike lig in die kerkgebou sodanig wees dat dit nie nodig was om lampe en kerse te gebruik nie.

Die galerye wat in die kerkgeboue van Wierda tot stand gekom het, was 'n integrale deel van die gebou en nie 'n hinderlike toevoegsel nie. Aan sy kerkgeboue was daar voorts ook lokale verbode wat deur die gemeente benodig word, soos 'n konsistoriekamer, wat gelcentheid vir kleiner byeenkomste en 'n verskeidenheid van gemeentelike doelein=des gebruik kon word, 'n kosterwoning en - soos in die geval van die kerkgebou van 's-Hertogenbosch - 'n nuttige militêre tehuis, 'n oppassers- en 'n predikantswoning.

Argitek Wierda het as kerkboukunstenaar besef dat naas die praktiese eise van doelmatigheid en doeltreffend=heid, die kerkgebou ook 'n huldebetuiging wil wees aan die Here God aan wie se besondere diens en verering die kerk=gebou opgerig word. Hy het besef dat die kerkgebou immers voortdurend moet opwek en oplei tot aanbidding en vir daar=die rede moet die kerkgebou ook ooreenkomstig die eise van die skone tot eer van God ontwerp en opgerig word. Aan=gesien daar 'n noue verband tussen erediens en kerkbou

behoort te bestaan en die kerkgeboue daarbenewens ook aan die eise van die estetika en die skone boukuns moet voldoen, kan die vraag of die kerkgeboue wat volgens die ontwerpe van Sytze Wierda gebou is aan die behoeftes en sienswyse van Christelikh Gereformeerde gemeentes, aan die praktiese eise van 'n Gereformeerde kerkgebou en aan die eise van die skone boukuns voldoen het, in 'n groot mate bevestigend beantwoord word. Wanneer die gunstige kommentaar wat Christelikh Gereformeerde predikante, gemeentelede en joernaliste oor die voltooide kerkgeboue van Sytze Wierda ongevraagd uitgespreek het, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die Wierda-kerkgeboue opregte byval gevind het en in 'n ruim mate aan die destyds praktiese, liturgiese en estetiese eise ten opsigte van die Gereformeerde kerklike argitektuur voldoen het. Meer as 'n halwe eeu na die totstandkoming van die sewe kerkgeboue wat Sytze Wierda in Nederland ontwerp het, het 'n oud-landgenoot van die argitek, wat goed op hoogte was van sy lewe en werk in Nederland, verwys na die feit dat die hoofopsigter by die aanleg van staatspoorweë in Nederland die tyd gevind het „om verskeidene kerkgebouwen over de lengte en breedte van Nederland te ontwerpen en velen daarvan zijn tot op deze dag nog daar als evenzoveel gedenktekenen van de eenvoud, de bescheidenheid en het fijne gevoel van deze begaafde landgenoot.”⁷²

Wanneer daar 'n antwoord gesoek en verstrekk moet word op die vraag in watter boustyl Sytze Wierda sy kerkgeboue ontwerp het, moet daar in die eerste plek gewys word op die feit dat daar in die tweede helfte van die 19de eeu by die ontwerp van nuwe kerkgeboue in Nederland - soos dit ook op die terrein van die burgerlike of profane boukuns die geval was - feitlik alle moontlike style toegepas is en dat die tydperk in die argitektuur as die eklektisisme beskrywe word, dit wil sê 'n teruggryping deur die argitek na die historiese style wat in vroeër eeue in Nederland en elders nagevolg is. Naas die navolging van die Romaanse en Gotiese boustyle, het baie argitek hulle gees gevoed en gevorm met

die voorbeelde van die klassieke boukuns. In die sewen-
tiger- en tagtigerjare van die vorige eeu het die boukunste-
naars in hul rustelose soek en tas geworstel om hulself te
vind, en in die soektog het die tydperk nie alleen sy
onrustige en soekende karakter in die bonte verskeidenheid
van boustyle verraaï nie, maar ook 'n antwoord probeer vind
op die vraag watter boustyl die mees gepaste en geskikste
vir 'n protestantse kerkgebou is.

Ofskoon die liturgie in die protestantse kerke feitlik
ongewysig gebly het en daarmee ook die karakter van die
kerkinterieur, het laasgenoemde dikwels 'n versobering ten
gevolge van 'n wysiging van die tydsmaak en 'n gebrek aan
finansiële middele ondergaan. Dit het eweseer gegeld vir
die neo-klassisistiese kerkgeboue uit die „Waterstaat“-
periode van die Nederlandse argitektuur as vir die latere
eklektiese en neo-rennaissance kerkgeboue.

Die preekstoel, as die middelpunt van die Woord-
verkondiging het die sentrale punt van die kerkruimte gebly,
omgewe deur die liturgiese sentrum vir die bediening van die
doop, die viering van die nagmaal en vir ander geleenthede.
Die orrelfront het steeds 'n monumentale indruk op die
kerkgangers gemaak terwyl die psalm-, gesang- en teksborde
in hierdie verband soms ook 'n rol gespeel het.

Die inrigting van die Christelik Gereformeerde kerk-
geboue was soberder van inrigting maar ook hier het die
grondbeginsels van die liturgiese dispoisie dieselfde ge-
bly. Die Griekse kruis - byvoorbeeld die Andreaskruisvorm
in die Baarnse kerkgebou - of 'n veelhoek as plattegronds-
vorm vir die protestantse kerk wat in die voorgaande eeue
by uitstek geskik bevind en beproef is, het ook in die tweede
helfte van die 19de eeu in kerkgeboue toepassing gevind,
onder andere in dié van Sytze Wierda.

Vanaf omstreeks 1850 het die protestantse kerke hulle
besin oor die konsepsie van kerkruimte ten einde aan die
eise van die erediens te beantwoord. Dié besinning het

daartoe gelei dat die argitekthe van protestantse kerkgeboue weer 'n keer na die sentraalbou teruggegryp het. Toe die neo-gotiek die argitektoniese uitdrukking van die Rooms-Katolieke triomfalisme geword het, het die protestantse kerke en hul argitekthe hulle gewend tot die elektisisme wat by voorkeur van nie-gotiese motiewe gebruik gemaak het. Ten slotte het hulle die ideale tipe in die vroeg-17de eeuse Renaissance-kerkgebou gevind.⁷³

Die kerkgeboue wat deur Sytze Wierda ontwerp is, moet beskou word as deel van die kerklike argitektuur van die laaste kwart van die vorige eeu toe van vorme en motiewe uit die tydperk van die neo-style gebruik gemaak is. Ons vind dat die Renaissance as 'n bron van inspirasie gegeld het by die ontwerp van nuwe kerkgeboue, veral die Italië-iserende Renaissance-vorms en die neo-Renaissance, wat ook kenmerkend was van die openbare geboue wat Sytze Wierda in Nederland en daarna in die Zuid-Afrikaansche Republiek ontwerp het. In hierdie verband kan die aandag op die sierlike torings van die Wierda-kerkgeboue en die rosetvensters in sy Baarnse kerkgebou gevestig word, wat 'n tipiese laat 19de-eeuse eklektisisme verteenwoordig het, met ander woorde 'n laat 19de-eeuse historiserende argitektuur.

Die agtergrond van die tydperk waarin Sytze Wierda sy kerkgeboue in Nederland ontwerp het, word weergegee deur 'n bekende kenner van die Nederlandse argitektuur:

„The question of the churches, of course, is even more complicated: here again there are many small churches of different denominations.... One denomination in particular, the Calvinists, did not hesitate to seize the opportunity offered by the fact that many churches had to be built, to evolve a new style, whereby they often involuntarily and naturally sought a link with seventeenth and eighteenth century Protestant church architecture in the Netherlands, which has long been underestimated both at home and abroad. Although they stemmed from classicism, these churches, which were usually small because they were preacher's churches and so could not exceed the range of the human voice, had an appearance entirely of their own. They are almost obstinate buildings, planned on a

variety of figures ranging from squares, circles and Greek crosses to more complicated mathematical shape, as was usual in classicist Baroque designs, though in line with the spirit of Protestantism they make a strict and reserved impression. Their modern successors are more friendly, peaceful and gentle, but still retain a certain reserve and dignity...."74

Op grond van sy bekwaamheid en die merkwaardige toegewydheid waarmee hy die werk van 'n argitek bejeën het, het Sytze Wierda 'n beskeie maar hoogs gewaardeerde bydrae gelewer tot die gemeentelike lewe van sy kerk. Sy werk as kerkontwerper moet gesien en beoordeel word teen die agtergrond van die „Afscheiding“ van 1834, die geskiedenis van die verskillende gemeentes van die Christelik Gereformeerde Kerk en die voorsiening van hul kerkgeboue, pastorieë en skoolgeboue vanaf die einde van die sestiger- tot omstreeks die helfte van die tagtigerjare.

